



## Silwer rand om ekonomiese wolke vergroot

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het in April sy vooruitsigte vir Suid-Afrika en die wêreld bekend gestel. Wat rentekoersverwagtinge betref, is daar bemoedigende tekens vir verligting.

Die huidige hoë rentekoerse beperk ekonomiese groei wêreldwyd, maar die IMF meen rentekoerse gaan daal. Sentrale banke, soos die Europese sentrale bank, die Amerikaanse federale reserwebank en die Reserwebank in Suid-Afrika, het rentekoerse volgens beleid verhoog om inflasie teë te werk. Die banke het rentekoerse laat toeneem tot vlakke wat ekonomiese groei beperk het. Dit het daartoe gelei dat die paaiemente op huisverbande toegeneem het en krediet in die algemeen meer skrap is. Besighede kan nie hul skuld herfinansier nie en ál meer korporatiewe besighede staan wêreldwyd bankrotskap in die gesig.

Die sake-omgewing is gedemp en die vraag na residensiële eiendom het afgeneem. Dit is ook nie meer so maklik om 'n woonhuis te verkoop nie. Die kommersiële eiendomsektor, waaronder die vraag na kantoorruimte, is veral sterk onder druk, met besighede wat nie hul paaiemente of kantoorhuur kan betaal nie. Die belegging in kantoreiendom neem af, asook die waardasiewaardes daarvan.

Dié verskynsel in die kantoormark weerspieël die uitwerking van hoër uitleenkoerse en die

verskuiwing van personeel wat sedert die covid-19-pandemie toenemend van die huis af begin werk het.

### Afplating vermy

Ondanks ál dié faktore het die skerp styging in beleidsrentekoerse deur sentrale banke nie 'n wêreldwye afswaai in ekonomiese groei teweeggebring nie.

Eerstens het sentrale banke, soos dié van die Europese Unie en Amerika, nie dadelik hul nominale rentekoerse verhoog nadat inflasieverwagtinge begin styg het nie. Dit het tot laer reële rentekoerse gelei, wat aanvanklik ekonomiese aktiwiteit ondersteun het.

Die banke in Suid-Amerikaanse lande, soos Brasilië en Chili, en ander ontwikkelende lande het hul rentekoerse relatief vinnig verhoog, wat daartoe gelei het dat dié lande se reële rentekoerse vroeër gestyg het.

Tweedens het huishoudings in groot, ontwikkelde ekonomieë staatgemaak op aansienlike besparings wat tydens die pandemie opgehoop het. Dit het die impak van hoër rentekoerse op hul besteding versag.

Derdens het duidelike veranderinge sedert die pandemie in die behuisingsektor ingetree. Voor die pandemie was rente-

koerse op huisverbande relatief laag, maar die beperking van stygende rentekoerse op verbruikers se bestedingspatrone het dinge verander.

Die leningstermyn op huisverbande het langer geword en die vraag na vaste rentekoerse het gestyg. Dit het die impak van die skerp styging in rentekoerse op ekonomiese aktiwiteit en groei op kort termyn versag. Sentrale banke het wêreldwyd min of meer dieselfde monetêre beleid gevolg en die tempo van rentekoersverhogings in verskillende lande was vir verbruikers min of meer op dieselfde vlak.

Nietemin, die hoë rentekoerse is besig om die verwagte ekonomiese groeikoerse van verskeie ekonomieë wêreldwyd toenemend onder druk te plaas. Die beskikbaarheid van vasterentekoers-opies, asook die spaargeld uit die pandemie-era, verminder. Hierdie opsies, wat die impak van hoër rentekoerse op verbruikers en hul huissleningsverbande versag het, veral in ontwikkelende ekonomieë, is besig om te verminder.

Met die verwagting dat inflasie gaan daal om byvoorbeeld die reserwebankteiken van 4,5% in 2025 te bereik, behoort die beleidsrentekoerse van sentrale banke ook te daal. Dit sal bydra tot 'n afname in die rentekoerse op langtermynverbande, soos huisslenings, en 'n styging in aandeelwaardes op aandelemarkte. Hoewel die koste van kapitaal steeds hoër is as voor die pandemie, is daar tekens dat die finansiële toestande sedert Oktober 2023 begin verbeter het. Sentrale banke wat beleidskoerse vroeër verhoog het, waaronder dié in Brasilië en Chili, het hul beleidsrentekoerse sedert die tweede helfte van

2023 aansienlik begin sny.

Dit blyk dat die verwagting van laer rentekoerse in gevorderde ekonomieë en 'n toename in aptyt vir bates in ontwikkelende ekonomieë begin toeneem het. Meer regerings wat vroeër ernstige finansieringstekorte ervaar het, gaan vanjaar beter internasionale toegang tot skuldmarkte kry.

### Groei in Suid-Afrika

Teen dié agtergrond verwag die IMF dat Suid-Afrika se bruto binnelandse produk in reële waarde vanjaar met 0,9% sal groei en in 2025 met 1,2%. Dit is heelwat beter as die groei van 0,6% in 2023.

Daarmee saam word verwag dat verbruikersprysinflasie in 2024 net 4,9% sal beloop, en 4,5% in 2025, wat die Reserwebank se inflasieteiken is. Die gemiddelde inflasiekoers was 5,9% in 2023.

Suid-Afrika se lopenderekoningstekort gaan van 1,6% in 2023 tot 1,8% in 2024 en 1,9% in 2025 styg. Dit beteken die IMF verwag die land se invoer teenoor uitvoer gaan styg. Suid-Afrika se produktiwiteit per kop is egter van die laagste ter wêreld en selfs laer as in Afrika suid van die Sahara.

Hoewel die vooruitsigte vir ekonomiese groei nie die ligte uitskiet nie, is die verwagting van beter ekonomiese toestande – gegrond op 'n verbetering in die wêreldekonomie, laer rentekoerse en inflasie – 'n ligpunt. **LBW**

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*

BRON: *World Economic Outlook – Steady but Slow: Resilience amid Divergence*. IMF, April 2024.